



# BILLI




Nuusbrief van die Vrystaatse Afdeling van die BKSA / Newsletter of the Free State Section of the MCSA

## LEKKER-LEKKER-LEKKER KAMP

Molly Smit

Ek was nooit besonder gretig om die Juliekamp in die Drakensberge by te woon nie. Daardie tyd van die jaar was net te oneindig koud na my mening. Toe ons afdeling ons eerste minikamp 'n klompie jare gelede aanbied, was ek en 'n groep van ons klub in die Himalaja's (snaaks vir iemand wat nie in die winter in die Drakensberge wil wees nie? Miskien omdat ek in die verlede minder ontberings in daardie geweste ervaar het as onder moeilike omstandighede in die Drakensberge). Toe daar weer 'n minikamp vir ons afdeling aanbreek, het ek om twee redes besluit om saam te gaan: die tyd van die jaar is nommerpas en die die area is mooi verby. Hoe het ek geweet die area is so besonders? 'n Jaar na ek begin werk het, in 1961 om presies te wees, is ek na Aliwal-Noord verplaas as streekbibliotekaris van daardie area. Dit het behels dat ek maandeliks biblioteke moes besoek in die Karoo, Ciskei (die deel wat later Transkei geword het) en die Oos-Kaap berggebied wat Lady Grey, New England, Wartrail, Rhodes, Maclear, Elliot, Barkly-Oos en alles tussenin ingesluit het. Dis hoe ek 'n sprokieswêreld ontdek het waarvan ek nooit bewus was nie. 'n Rit in daardie bergwêreld was elke keer soos 'n vakansie al was dit op smal en dikwels baie steil grondpaai.

Derek Odendaal en ek was die eerste mense wat by die minikamp se basiskamp opgedaag het. Dit was in 'n vallei aan die voet van die pragtige Bobbejaansberg wat deel is van die Wittebergreeks, 'n vertakking van die Suidelike Drakensberge op die plaas Reedsdell van Chris langs 'n bekoorlike riviertjie met snaakse Naby ons kamp was pragtige pieke en verdere vir verkenning gewink het. Ek het die groot Louis Fourie vir my geleen het, opgeslaan vir my oornagkwartiere.



Isted en reg paddas. valleie wat tweemanstent wat


My klein blou skuilinkie was neffens opgeslaan om as spens te dien. Die area voor die groot tent was die kombuis. Ek het twee stofies saamgebring vir die kookwerk. Uiteindelik het ek net twee keer 'n stofie gebruik en die res van die tyd droë/rou/koue proviand gebruik. 'n Ou hond (ek sal liever nie die woord "teef" gebruik nie) verander nie haar slegte gewoontes nie. Met ander woorde: as jy gewoonlik kook in

ongerieflike omstandighede vermy, sal selfs nie geriefliker omstandighede as gewoonlik jou oorreed om skielik 'n entoesiastiese kok sonder 'n kombuis en elektrisiteit te word nie.

Omdat ek nie van plan was om op oornagtogte te gaan nie, het oumagrootjie (my stiefkleindogter het ma geword) haar lekker gerieflik ingerig vir die week: een van die lekker sponsmatrasse wat in vier stukke opvou vir berging/vervoer, my warmste donsslaapsak en 'n driepootstoeltjie wat kan opvou. Ek het gedink ek is luuks totdat ek later die ander kampgangers se toerusting aanskou. Sowat van luukse toerusting vir 'n bergklimweek het ek nog nooit vantevore aanskou nie. Selfs Sandra Bishop het my verstom.

Die motors het een na die ander opgedaag met allerlei interessante mense wat ek nog nooit voorheen gesien het nie. Die versameling kleuters was 'n aangename verrassing. As ek my nageslag kon kies, sou ek sulke kleintjies wou hê (vir diê wat nie weet nie: ek het nie 'n nageslag nie). Hulle het gou mekaar leer ken en lekker saamgespeel. Hulle is ons jonger geslag stappers en klimmers na wie Louis Fourie so smag.

Dit is nie 'n bekoorlike onderwerp nie maar ek moet beslis die toilet vermeld. Dit was 'n vierkantige goingsakkonstruksie om 'n gat met 'n sitplek ingerig. Sommige mense was ietwat ontevrede omdat dit so na aan die rivier was maar die boer en sy werkers het dit opgerig en die ligging was sy keuse. 'n Rooi vlag het aangedui of die plek beset is. My uitsig vanuit my tent was op die mooi pieke met die toilet so dertig treë verder. Die roete soontoe was sonder uitsondering verby my tent en het aanleiding tot verde kennismakings gegee, veral wanneer 'n tou op 'n diskrete afstand in my omgewing gevorm het. Ons ouens wat met puttoilette grootgeword het, was nie juis ontstig nie maar daar was beslis naderhand klagtes oor die benoude "akoestiek" in die konstruksie se onmiddellike omgewing. Die desperate noodoplossing was om van die gras wat lê en droog word nadat die boer dit gesny het vir 'n geriefliker kamp, daaglik op die inhoud in die gat te gooi. Die gevolg is dat die gat so vinnig vol geword het dat dit in hierdie opsig 'n verligting was toe die kamp einde se kant toe loop. Ons oueres wat op plase sonder moderne geriewe opgegroei het, was duidelik meer aanpasbaar!



dat die

Dit is nou die laaste stink onderwerp in my relaas. Ek gaan net 'n paar, vir my, hoogtepunte noem:

Die braaivleis die eerste aand by die boer se huis: ons het in die donker met of sonder flitse soontoe geloop met 'n ompad en twee keer deur die rivier op Louis

se instruksies. Toe almal mooi vergader het, het Derek Odendaal so 'n entoesias-tiese verwelkomingstoespraak gehou dat hy nooit agtergekom het dat ons begin natreën en sy gehoor verdwyn het op soek na droë skuilings nie (sy oë was vasgegom op sy aantekeninge en hy het 'n lekker digte blaredak bo sy kop gehad). Die boer het net mooi sy skuur vir ons ontruim toe hou die reën op, ons is terug onder die bome en Derek kon voortgaan.

Die gereelde afkondigings in die basiskamp: geen megafoon was nodig nie. Louis se bulderende stem was meer as voldoende. Dit was selfs nie nodig om nader te staan nie. Hy was oral duidelik hoorbaar in 'n kamp met sestig mense, 'n wandelende klankstelsel.

Die wonderlike atmosfeer: ek kan nie van vorige ondervinding praat nie maar van die ou kampgangers het meer as een keer gesê dit was hulle lekkerste kamp nog. Die geselskap was aangenaam, die mense se humeure het goed gehou, nuwe vriendskappe is gesmee en oues verinnig, die uitstappies was pragtig en heerlik en ons kampvuur saans lekker (hout van Bloemfontein af aangery en deur die boer aangevul).

Die rasende en tent gehou het (dit en ek het van tent tot teenwoordig gaan wees vir die afsluitingsfunksie die volgende aand. Ons het nie ver met ons opname gevorder nie. Pat Fourie en nog het ook aangesluit en ons was later twaalf in die tentjie. Ek wil liever nie weet wat het die gedink het nie. Louis het uiteindelik maar die verbasend korrek geskat.



rumoerige partytjie wat ons een aand in 'n kleinerige het gereën en daar was geen kampvuur nie). Louis tent geloop om te hoor wie nog in die kamp enkele ander "volwassenes" res van die groep getal vir die funksie



Ek weet nie of dit onder hoogtepunte tel nie maar een nag het die wind heeltyd geweldig sterk gewaai en van ons mense se toerusting wat buite gelos is, het in die boer se luserland oorkant die kampterrein beland

En dan was daar die verskeidenheid herfsblomme. Veral aan die kalerige meer blootgestelde wande was die blomme pragtig.

Die ete wat die laaste aand deur Wartrail se mense in die tennisklubhuis aangebied is, was heerlik. Die boere het vleis gebraa en hulle goedversorgde knap vrouens het vir die bykosse gesorg. Hulle het begrip vir ons wilde en onversorgde voorkomste gehad. Ek en Elsa Combrink het teen daardie tyd al lankal besluit om liever te vergeet dat ons iets soos hare wat veronderstel is om goed te lyk op ons koppe het.

En o ja, Izak Fourie, ons leier vir die een daguitstappie, se desperate en moedelose pleidooie aan 'n ongehoorsame Jacomi wat daarop aandring sy wil die kaal en blootgestelde rotse uitklouter eerder om soos ons ander 'n steil grashelling om die rotsband boontoe te volg. "Jacomi, asseblief, jy kan dit nie doen nie. Wat gaan ek vir Derek sê as jy verongeluk? Asseblief, Jacomi. Jacomi, asseblief". Alles baie hoflik en smekend terwyl die luisteraar besef hy sou eintlik graag krasser taal wou gebruik en haar sitvlak warm klits. (*"Ek is nie verniet Derek se vrou nie! Gun my so nou en dan my eie wil en weg!" - Jacomi*)

Doep du Preez se entoesiatiese stort onder die waterval wat in die plaas Dargle se diep rotspoel stort. Hy het ons vooraf gewaarsku dat ons hom moet vergewe want hy gaan van sy klere ontslae raak. Die "dames" draai weg om hom tegemoet te kom (sommige van ons is nog van die onskuldige soort). Terwyl hy entoesiasies gil, koekeloer ons diskreet soos in die Victoriaanse tyd en ontdek dat hy sy onderkleertjie aangehou het en dat dit omtrent net soveel verberg as die knap goedjies wat baie mans dra wanneer hulle gaan swem. Praat van 'n antiklimaks!

En dan die uitstappies: Ek self het my hoë ouderdom as verskoning misbruik deur net op daguitstappies te gaan en oorstaandae te skep om my agterstallige leeswerk vanaf my lekker matras op te vang. Benewens die dagstappe, was daar was ook vier-, drie- en tweedagstappe. Van die langer stappe het 'n draai naby Avoca, Skiddaw en Balloch Pieke gemaak, of bo die Wildfell valleie uit na die hoërliggende dele. Twee groepe het ook na die Dangershoek valleie gestap, en 'n draai by Tiffendell gegooi. Van die dagstappe was op die plaas Balloch van Margy en Graham Frost. Hulle plaas lê in 'n pragtige valleie met baie kranse waar die groep Boesmantekeninge besigtig het met Margy as gids. 'n Groep dagstappers het die Halston Piek uitgeklim (o.a. Izak en Jacomi!) en 'n fantastiese uitsig oor die hele gebied gehad. Op die plaas Dargle het twee lang stappe en 'n dagstap begin. Behalwe vir die pragtige omgewing was ons beïndruk met die boervrou se huis wat sy in die sneeuomaande verhuur. 'n Pragtige ou huis met 'n baie mooi tuin wat goed deur haar werkers versorg word. Die dag wat ons Ben Macdhuil sou gaan klim het, het digte mis veroorsaak dat ons nie verder as Tiffendell Ski-oord gevorder het nie. Ons het egter warm koffie daar geniet en die snaakse kroeg besoek waar mense onder andere aan hulle voete van die plafon af hang en dan drankies wegslaan. Van daar af het ons 'n draai in prentjiemooi Rhodes gegooi waar die groep geroos-terde toebroodjies en tjijs geëet het.

Al die plase in die omgewing is in skouspelagtige valleie, behoort al geslagte lank aan dieselfde families en feitlik almal het gastegeriewe in die vorm van kamers/chalets. Elkeen is 'n besoek/verbyf werd. Dit is moeilik om te kies. As ek daar wil vakansie hou, sal ek 'n paar nagte op elke plaas wil oornag. Die tariewe is baie redelik en die mense oor die algemeen gasvry. Wat 'n wonderlike

area!


## **Uitstappie na Langesnek – 18 – 20 Februarie 2005**

Leier – Nico Combrinck

Stappers – Phia, Charlotte, Elmare en nuweling Judy en Leatitia.

Na vele wik en weeg as gevolg van gure weer en duurder tariewe is ons ses stappers wat net na 16H00 vertrek via Senekal – Rosendal na Langesnek, met die laaste kilometers in 'n glyerige moddergrondpad.

Na 'n vleisie op die kole en 'n lekker kuier, slaap almal heerlik met 'n deurnag reën op die sinkdak. As gevolg van die reëntjie wat nog steeds die volgende oggend voortduur, kon ons 'n paar koppies koffie drink en is ons Leatitia baie dank verskuldig met haar goeie idee om Rummy-cub saam te bring. Ons het baie pret gehad, en Leatitia het die kampioen uitgedraai ten spyte van al die Jokers in Nico se hand. Net na 13H00 het die reën effens opgeklaar en het ons die eerste dag se roete begin stap, met baie glye, gille, giggels en onder aanmoediging van Phia se goeie humorsin. Leatitia het hier en daar bietjie name verander en wou graag na die Sfinxter stap(Sphinx), en in die Holhoek (Holkrans) gaan eet. Die uitsig uit die holkrans was pragtig oor n groen vallei, Visierskerf en Sekonyelashoed. Ons was 17h30 net betyds terug by ons blyplek voor die reën weer begin neersif het. Gou het Judy vir ons 'n vuurtjie gepak en was ons weer droog en warm. Die volgende oggend was ons leier heel optimisties oor die weer en het ons dit gewaag om die tweede dag se roete aan te pak met die reënjasse nogtans digby. Gou het ons egter besef dat die paadjie op party plekke nie meer bestaan nie en die voetjies nie meer in die regte rigtings wys nie. Dit was duidelik dat die roete lanklaas aandag gehad het, maar danksy ons behulp same leier wat ons oor gladde sandsteen en diep graspolle gehelp het en Leatitia se jong oë wat al die paaltjies met voete raakgesien het, het ons veilig gestap, met geen beserings, behalwe vir Nico se kenmerkende stapstok van meer as 20 jaar wat in die slag gebly het. Nico, ons innige simpatie! Ons arriveer 17h00 terug in Bfn na 'n nat maar baie prettige naweek, wat weereens bewys dat slegte weer nie in die pad hoef te staan van 'n lekker stapnaweek nie!



# AFDELINGSAKE

## AFDELING SE NUWE POSADRES:

Neem asseblief kennis dat ons nuwe posbus reeds 'n tydjie in werking is en dat die oue eersdaags sal verval. Nuwe adres:

Posbus 12312

**BRANDHOF 9324**

## NUWE E-POS EN ANDER ADRESSE

Stel asseblief die sekretaresse in kennis van e-posveranderinge en ook ander adresse. Die sekretaresse sê e-poswysigings is 'n nagmerrie om te bestuur as sy nie betyds in kennis gestel word nie.

## KLUBWAPENS EN DASSE

Ons hardwekende sekretaresse het 'n hele voorraad BKSA wapens wat lê en wag vir eienaars. Swart en donkerblou lapwapens in Engels en Afrikaans kos R15-00 elk. Indien sy dit moet pos, kos dit R3-00 meer. Silwer wapens kos R50-00 elk plus R3-00 posgeld. Jare gelede toe ek (Molly) sekretaresse was, het die prys van silwer skielik die hoogte in geskiet. Ons silwer wapens het toe soos soet koek verkoop ten spyte daarvan dat ons die prys verhoog het om munt uit die manie te slaan. Dink net watter belegging is 'n silwer wapen. Ons het die prys destyds van R0-50 na R2-00 opgestoot en die voorraad wat lank onverkoop was, het gevlieg. Nou word dit vir R50-00 verkoop! Kom, mense, spring vir die geleentheid: oor 'n jaar of twee is daar dalk weer 'n oplewing in die silwerprys en dan betaal julle drie keer meer.

Trudie, ons sekretaresse, het nie dasse in voorraad nie maar kan dit bestel @ R25-00 elk plus posgeld wat sy moet verskaf by bestelling en met versending. Sien julle, die silwer wapen is meer werd as 'n goeie das.

Lede kan vir Trudie skryf by bogenoemde adres of haar skakel by **051 507 3141**. Sy verkansel dit ook met sosiale aande, dan spaar julle die posgeld.

## DIE TESOURIER AAN DIE WOORD

**Ansa du Toit**

Dankie aan die lede wat hulle jaargelde vereffen het. Sulke samewerking vergemaklik die werk van die tesourier baie en dit word opreg waardeer.

Nou moet ek ongelukkig die heuningkwas wegsit en die roede uithaal. Let wel: ek is darem nog nie by die stadium van gebruik nie... hier volg weer die uiteensetting van die geld wat betaalbaar is:

Getroud binne Bloemfontein	R100-00
Gewone lid binne Bloemfontein	R 70-00
Gewone lid buite Bloemfontein	R 65-00
Student/skolier	R 50-00
Joernaal	R 65-00 ( <b>verplichtend!!!!!!</b> )

Om julle tegemoet te kom, gee ek ons bankbesonderhede sodat geld elektronies of direk in ons rekening inbetaal kan word. 'n Bewys van betaling moet asseblief aan my gefaks word by **051 522 8781**. Meld duidelik dat dit vir die aandag van A. du Toit is. Julle kan ook per e-pos met my kontak maak by **ansadt@tiscali.co.za**. My telefoonnommer is **051 430 0550** edie selnommer is **0846600550**.

Bankbesonderhede:

ABSA

Takkode: 334-134

Rekeningnommer: 4-7031-2432

Rekeninghouer: Bergklub van Suid-Afrika VS Afdeling.

Dit is nogal problematies as ek sien daar is 'n inbetaling maar ek weet nie watter lid is betrokke nie. Ons verloor ongelukkig jaarliks lede wat as gevolg van nie-betaling van ledegeld hul lidmaatskap verbeur. Dit is werklik 'n hartseer saak vir die bestuur want elke lid het 'n unieke bydrae te maak.

**'n Spesiale woord aan ons stapleiers asseblief:** Sal julle asseblief onthou om die foi vir nie-lede in te vorder en aan my oor te betaal. Die een oorweging by die heffing is om nie-lede so te motiveer om aan te sluit: hulle besef dat dit vir hul voordele op finansiële gebied inhou. Die ander rede is natuurlik dat dit die klub se inkomste aanvul. As ons 'n goeie inkomste op hierdie maklike manier genereer, kan dit daartoe lei dat die ledegeld nie so dikwels verhoog hoef te word nie. Dankie vir julle almal se samewerking.



## DIS NIE MAKLIK NIE

**Derek Odendaal**

Elke Desember gaan hou ek vakansie in Hermanus se omgewing. Diè van julle wat Hermanus ken, sal weet dat daar heelwat berge in die omgewing is. En as jy **my** ken, sal jy weet dat ek nie 'n berg kan uitlos nie - hy moet verken word, geklim word.

So gaan ek elke jaar tydens vakansie dele van die berge verken, en klim ek van die pieke. Soms stap Jacomi of my jongste spruit saam, soms stap ek alleen. Dele van die berge het paadjies, ander nie.

Op 'n keer het ek weer alleen gaan stap en 'n stuk berg gaan verken. Op pad terug hang die son al laag en ek besluit om kortpad die berg af te vat na waar my motor staan en ook sommer te kyk hoe lyk 'n klein klofie op pad soontoe. Nou jy sal ook weet dat mens nie sommer Kaapse fynbos aanvat as daar nie 'n paadjie is nie. Maar ek skrik nie sommer vir ruwe terrein nie. Veral nie as ek alleen stap nie. Dan is daar mos niemand om te kla as dit te rof raak nie.

Op my kortpad raak die fynbos toe al digter soos ek teen die hang afploeter maar ek vorder darem. By die klein klofie raak dit egter baie rof. Hier is 'n klomp dennnebome 'n tyd terug afgekap en lê nou horisontaal tussen die digte fynbos met die stamme so tussen knie- en heuphoogte bokant die grond. Hier moet ek deur 'n woesteny van stamme, takke, fynbos en ranke probeer veg om vordering te maak. Ek beur en skop en kreun en breek en sweet en vloek. Dis omtrent die ergste waardeur ek nòg moes worstel. Ek kyk rond en soek 'n alternatief, maar dit lyk ewe rof na alle kante, en die helling is ook redelik steil. Ek moet maar net aanhou baklei, want die voet van die hang is darem naby.

Ek sukkel so, dat ek myself eintlik begin jammer kry. En toe kom die woorde van die popliedjie "It's not easy to be me" by my op. Ja wragtag! Dis nou vir my bedoel. Dis nie maklik om so 'n avontuurlustige, bergmal brein te hê nie en my arme liggaam moet my kop eenvoudig dra net waar hy wil wees! My kop besluit bloot ek wil sòontoe; ek wil dààr gaan kyk; ek wil hièr op; ek wil dààr af - en my lyf moet maar net saamwerk!

So het dit al dikwels gebeur dat ek myself gedryf het tot my liggaam begin protesteer. Uiteraard is dit veral die voete en bene wat dit moet ontgeld. Dit gebeur natuurlik maklik as ek alleen stap, want dan is daar niemand anders om in ag te neem nie. Dan wil ek altyd soveel as moontlik sien en verken in die beskikbare tyd. Wanneer ander mense saam met my stap, moet ek hulle konsidereer en stap ek heelwat makker (al dink sommige mense nie so nie). Julle het nog nie gesien hoe moor ek myself as ek alleen 'n berg invaar nie!

Dit raak ook natuurlik moeiliker soos ek ouer word. Toe ek jonger was, het my liggaam goed saamgewerk en kon hy alles doen wat my kop wou hê, maar nou dat my liggaam bietjie (???? - Red.) ouer raak, wil my kop nog net dieselfde doen en besef nie dat my liggaam dalk nie meer so lekker kan byhou nie.

Dit sou baie makliker gewees het as ek 'n "couch potato", TV slaaf, nerd of softy was. Dan het my liggaam nooit so gely nie. Maar nee, hoe vervelig sal



dit wees! Dit kon egter ook erger gewees het. My kop kon my liggaam gedwing het om aan die Skyrun of soortgelyke marteltogte deel te neem. Gelukkig weet my kop darem waar om die streep te trek. Ek het darem nog bietjie respek vir my liggaam.

Ek moor egter nie net my lyf wanneer ek alleen gaan stap nie. As jy 'n leier is, byt jy maar soms te groot af, of jy vat 'n groep in 'n onbekende area (soos ek nogal lief is om te doen). Dan gebeur dit soms dat my lyf dit moet ontgeld. Ek het een keer 'n uitstappie na die Drakensberge by Elliot gelei om 'n nuwe area te gaan verken. Dis daar waar die imposante rotskastele so uittoon. Ek het ons roete bloot op die kaart beplan (lekker avontuur!). Op die laaste dag kontoer ons hoog teen die hange en volgens die kaart sou ons vorentoe tot bo-op die plato kon kom. Maar nee, die kontoere op die kaart was toe nie baie akkuraat nie, en waar ons moes op na die plato, is toe net kranse! Terug op ons roete sou ons wel iewers kon bo kom, maar met 'n groot draai. Die alternatief was om 'n "gully" tussen die hoë kranse naby ons te probeer met die hoop om tot bo te kom. Dit was natuurlik die leier se plig om nou 'n alternatief te vind en daar gaan ek teen die steil hang uit, wat hoër op 'n stuk bos vorm en nog hoër op digte fynbos. Hier het nog niemand geloop nie en ek moes 'n pad oopveg. Dis so 200 meter se klim totdat ek darem kan sien dat hierdie roete ons tot bo sou neem. Gelukkig. Maar arme ek moes toe die groep gaan haal en dit weer 'n keer doen!

Dan is daar die keer toe ons met die hele Wittebergreeks (Vrystaatse een) gaan stap het van suid na noord. Ons was 'n klein groepie sterk stappers en het nou nie juis die maklikste roete gevolg nie - eerder die interessantste een. Dele van die bergreeks het ek geken, maar veral die noordelike dele was vir my redelik onbekend. Ons stap dus maar ook op die kaart en volg nie bloot die kruine van die reeks nie. Op die derde dag van ons vyfdag-stap was ons juis in onbekende terrein. Dit was in elk geval 'n lang dag se stap, maar teen die laat-middag/vroeg-aand moes ons twee keer deur 'n (onverwagse) hemelhoë wildheining kom, verskeie diep donghas deur, digte bos trotseer en 'n gevaarlike steil helling op. Die ergste dongha het ons ook teëgekrom toe dit al donker was. Ons strompel eers agtuur in die ou plaashuis in waarheen ons gemik het. Een van die groeplede het soos 'n lyk op een van die beddens neergeval en 'n halfuur roerloos daar bly lê voor hy kans gesien het om weer te beweeg. Ek het ook amper so gevoel en my voete het ernstig geprotesteer na hierdie lang dag.

Nog 'n dag wat my lyf lank sal onthou, is die keer toe ons die Pitseng en Bokong area in die Malut's in Lesotho gaan verken het. Dit was 'n wonderlike stap in 'n baie afgeleë omgewing. Op die derde dag is ons nog op die plato en beplan om naby die platorand te oornag voordat ons weer die volgende dag met die pas afgaan (waar ons ook opgekrom het) en tot terug by die motors. Ons bereik die beplande oornagplek op 'n heel skaflike tyd. Toe ons egter begin tentplekke uitsoek, kom daae 'n baie dreigende donderstorm in ons rigting. Ek evalueer die situasie en met die daglig wat nog beskikbaar het, beveel ek dat ons halfpad die pas afgaan tot by 'n kampplek wat ek

gesien het met die opkom. Dis werklik nie lekker om bo-op die plato (ook maar 3000 meter bo seevlak) in 'n tent in die reën te sit nie. Die groepie is te vinde vir die idee en daar gaan ons. Die pas is egter nie van diie maklikste om te bemeester nie - daar is feitlik nie paadjies nie en die terrein is baie rof op plekke. Dis maar ook net so hoog soos 'n Drakensberg pas. Ons was nie ver nie, toe sak die reën uit. Ons moes toe maar tot skemeraand teen hierdie ruwe stuk berg afploeter en gly in die reën. Dit het bo-op die berg ook maar gereën, maar ek dink dit sou beter gewees het om eerder in 'n tentjie daar bo te sit as om hier teen die berg af te sukkel. En toe moes ons nog tent opslaan in die reën ook. Ek weet ek het my groep daai middag gemoor. En myself. Maar daai aand was dit besonder lekker om in my tent te wees.

As 'n mens jare lank taai staptogte aanpak en darem redelik fiks bly, word jou bene nie eintlik meer styf na 'n stap nie - net wanneer jy jouself werklik ooreis het. Wel, daar is een stap wat my vir dae so styf gehad het dat ek nie trappe kon afluop nie. Dit was na ek deur die Witels is. As alles volgens plan verloop het, sou dit nie so erg gewees het nie. Maar op die derde dag tref 'n koue front met gietende reën ons egter (in die middel van Desember!) en omdat die rivier later styg en ons te koud raak, verloor ons 'n halwe dag se afstand. Die volgende dag verloor ons nog meer afstand omdat van die groeplede begin sukkel. Ek besef toe dat ons nie eers amper die eindpunt betyds gaan haal nie. Omdat mens sommer langs 'n pad eindig waar jy nie 'n motor kan los nie, het ons iemand gereël om ons op 'n spesifieke tyd te kry, en ons kon nie hierdie reëling verander nie. Ons moes toe noodgedwonge die groep in twee deel en uiteraard vorm ek toe deel van die vinnige groepie wat amper 'n volle dag se afstand moet inhaal. As jy die Witels ken, sal jy weet dis rof. Behalwe vir al die swemme, is dit "boulder hopping" sonder ophou. Ons stap toe daai vierde dag tot dit donker raak, wat so half-nege beteken in die Kaapse mid-somer. En omdat mens met tekkies stap, werk jou voet- en kuitspiere baie harder as wanneer hulle in 'n stewel is. Die laaste dag het ons ook nog 'n lang trek, maar ons haal darem die eindpunt net 'n uur laat (die stadige deel van die groep het nog 'n dag en 'n half daarna gestap). My enkels en voete was vir drie dae so styf dat hulle gepyn het as ek probeer loop. En ek was letterlik styf en seer tot in my tone!

Ja, soms moet my lyf baie deurmaak om my kop se avontuurlike wense uit te voer. Ek kan verseker sê: *It's not easy to be me. (But it sure is an interesting adventure!)*


**(Gelukkig, o so gelukkig het hierdie stiefoumagrootjie nie een van bogenoemde "uitstappies" beleef nie. Ek was nogal deur Derek saamgenooi vir daai Witels gebeurtenis. Die Persoon daar bo hou beslis van my - Red)**



## ***HIKING THE HARAZ***

Trekking in the Arabian Peninsula usually brings to mind images of sweltering deserts, but tucked away in Yemen's remote Haraz Mountains is a cool and verdant high country, only known to a few discerning hikers. At its heart is the 2 960-m peak, Jabal Shibam, under which sits the 12th century hilltop village of Al Hajjarah - the country's hiking hub. The fortified hamlet is one of the prettiest in Yemen, with numerous trails leading up the volcanic mountains and down to the Grand Canyon-like wadis (dry river valleys). But Al Hajjarah is only accessible by dirt road from the town of Manakha, with its old souks (markets) and narrow alleys. Located a hundred kilometers southwest of the capital, Sana'a, Manakha was once on the Spice Route to Europe. Expect to be beckoned into local tribesmen's hillside homes to share cups of Shai (black, syrupy tea). "The real Arabs are still here in the mountains. The people are very hospitable," says Muammer Al-Shamiry of Sana'a University, who regularly visit Al-Hajjarah. Hikes can be a few kilometers to over 100 km, and last for a few hours to a week. It's hard to get hold of a good map, so be sure to take a local guide.

[www.yementourism.com](http://www.yementourism.com) - **By Nick Easen** (Time, May 2, 2005)



## **SUID-AFRIKANERS DORWIN EVEREST**

Twee Suid-Afrikaners, Sibusiso Vilane en Alex Harris wat deel was van die Britse Jagged Globe span, het op 3 Junie omstreeks 07:20 Suid-Afrikaanse tyd (ongeveer 03:00 in Nepal) die kruin van Everest ( 8 848 m) via die noordelike rif bereik. Dit word as die moeilikste roete beskou.

Dit was Vilane se tweede suksesvolle poging. Naas Sean Wisedale is Harris die tweede Suid-Afrikaner wat al sewe vastelande se hoogste berge tot bo geklim het.

Twee dae tevore het Tony van Marken van Kaapstad met die suidelike roete die kruin bereik.

Everest groei met ongeveer 2 mm per jaar as gevolg van die Indiese subkontinent wat teen Asië bots. Wisedale reken dus dat mens Everest elke jaar weer moet klim om te kan sê jy was al op die wêreld se hoogste berg!